STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

22 SEPTEMBER 2019

# GEMEENTEBULLETIN

## EREDIENSTE

| | | | 22 September | | 29 September | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Ackerman | 4 | Ds. Breytenbach | 1 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Geen diens | - | Geen diens | - |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Geen diens | - | Geen diens | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Geen diens | - | Geen diens | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Ds. Ackerman | 12 | Ds. Breytenbach | 13 |

## EKOLOGIE-KOMPETISIE

Die bewaring van ons natuurskoon is vir die kerkraad 'n groot prioriteit. Daarom word 'n kompetisie gehou waarin ons lidmate uitdaag om met 'n kreatiewe voorstel vorendag te kom oor hoe Stellenberg-gemeente prakties tot bewaring kan bydra. Die wenner sal 'n groot stamplant van die spekboomfamilie, met komplimente van die Kweek-vir-die-Here-span, ontvang. Stuur jou voorstel na navrae@stellenberg.co.za/021 976 4519.

## KOSPROJEK

Die kosprojek is een van Stellenberg-gemeente se oudste naastediensprojekte, maar ROOI LIGTE flikker nou rondom die voortbestaan van dié projek. Bydraes het geweldig gekrimp en dit begin lyk asof die projek nie sal kan voortgaan met die voorsiening van voedselhulp aan minderbevoorregte gesinne nie. Ons doen 'n beroep op lidmate om bydraes tot die projek te maak. Enige niebederfbare kosbydraes is welkom. Kontantbydraes kan by die kerkkantoor inbetaal word, of per EFT inbetaal word: ABSA-tjekrekening 145 058 1100, takkode 632005. Gebruik KOSPROJEK as verwysing.

### KWARTAALTEMA

Ons leef in God se KONINKRYK

### OGGENDDIENS

Kyk vorentoe!

Markus 1:35-39

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Geen Bybesltudie op Donderdag 26 September nie.

### PREKE OP DIE WEB

Jy kan nou preke van die web aflaai (download) en hoef nie meer aanlyn daarna te luister nie.
Besoek gerus www.stellenberg.co.za en gaan na: luister na preke.

## GEMEENTENUUS PER E-POS & WHATSAPP

Stuur 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za om die Bulletin, Samaritaan en Stellenberger per e-pos te ontvang, of *WhatsApp* jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die bulletin op jou selfoon te ontvang.

## JOU KIND EN SOSIALE MEDIA

**Saterdag 12 Oktober 09:00 tot 12:00, kleinsaal**

Maak jou kind digitaal veilig. Kom luister na die aanbieding oor die invloed van sosiale media. Nedine Blom, spreker, het onlangs haar meestersgraad in menslike handel voltooi.
Koste R120 p.p. sluit ligte eetgoed in.
Besprekings: Anneke, sos@stellenberg.co.za/021 976 8029.

## LEEF-MEER-WERKSWINKEL VIR VROUE

**Dinsdag 22 Oktober om 18:30 tot 22:00, kapel**

'n Interaktiewe werkswinkel vir vroue. Bring jou lewenstas en maak dit 'n bietjie ligter – die werkswinkel skep 'n ruimte waar vroue net hulself kan wees en ontslae kan raak van die dinge wat hulle lewenstasse swaar maak.
Koste: R40 per persoon.
Besprekings by Anneke sos@stellenberg.co.za/021 976 8029.

## VOSBURG VLEIS TE KOOP

Potjiekosvleis @ R100 per kg en braatjops @ R150 per kg is nog te koop. Die vleis kan by Raphaelsingel 45 afgehaal word. Tref asb. die nodige reëlings met Christine Ferreira by 083 440 2086.

## VATVYF-UITSTAPPIE

Ons besoek 'n Laventelplaas in die Canettevallei, Stellenbosch op Woensdag 2 Oktober. Vertrektyd: 09:00. Ons gaan meer hoor oor wat alles uit laventel geproduseer word asook die kenmerke van verskillende laventelgewasse. Ons geniet na afloop van die uitstappie tee/koffie en iets soets by 'n restaurant in die omgewing. Koste R40 per persoon. Besprekings by Karin 021 976 4519 teen 30 September.

### GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

### BREIGROEP

Ons kom weer Maandag 7 Oktober om 09:30 in die KOMITEEKAMER bymekaar.

Bring jou breiwerk en 'n vriend/vriendin saam.

### EDELWEISS WITOLIFANTTAFEL

Vrydag 27 September 09:00

Besoek gerus die witolifanttafel by Edelweiss.